

22 Julie Genesis 31:8, 2; Korintiërs 5:17-20, (Teks: 5:18)

Lewensvervulling vind jy alleen in Jesus Christus

So baie mense leef gefrustreerd, onvervuld. Die rede hiervoor is dat die mens iets in sy lewe mis - Lewensvervulling. Sommige gaan soek dit in sport. Want die topsport in sport lyk na volkome geluk. Ander weer jaag die geldgod na, want wie ryk is, moet mos gelukkig wees. So baie aanbid die plesiergod. Geen prys is te groot of te duur solank die mens dit net geniet. En tog... ware lewensvervulling ontbreek ten spyte van hierdie hoogtepunte. Worstel jy dalk ook hiermee...?

Die basiese uitgangspunt om die mens reg te verstaan is: Jy moet jousef as betekenisvol sien. Om dit te verkry moet jy ware betekenis en sekuriteit in jou lewe vind. Alhoewel die meeste mense in die wêreld tevrede is met 'n wêreldse bevrediging van hul behoeftes kan jou behoeftes slegs in Christus ten volle bevredig word. Want God het jou gemaak om in 'n besondere verhouding met Hom te leef. Self het die mens egter die verhouding verbreek ... en daarmee 'n leemte in sy lewe gelaat. Hierdie band met God kan alleen deur geloof in Christus se soendood herstel word. Dan vul God die gaping met sy Heilige Gees. Dit is krities belangrik om hierdie waarheid nie as blote geloofstaal te sien nie, maar as 'n dringende realiteit wat die verskil maak tussen mense wat vervul of leeg, bevredig of onbevredig of onvervuld is. Waar soek jy jou lewensvervulling?

Sing: Skrifberyming 17:5,6 Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)